BEROEPENUUS—Geen nuwe nuus ontvang nie

Wat maak ons gereformeerd? (2) (Dr. Chris Saayman– 2007)

(vervolg van verlede week)

Die evangelie van vrye genade...

Op hierdie manier word die geloof die één goeie werk op grond waarvan God die mens beloon met die redding. Hierdie opvatting is gebaseer op 'n fatale wettiese misverstand. Wanneer gereformeerdes bely dat die mens deur die geloof alleen gered word, word die geloof nie as 'n verdienstelike werk verstaan nie, maar as die instrument waardeur die mens slegs dít ontvang wat God uit genade gee. Wat meer is, ook die geloof is 'n geskenk van God. Die Bybel leer dat die mens só radikaal geestelik dood (totáál verdorwe) is (Ef. 2:1) dat dit onmoontlik is om uit eie vermoë te glo. Eers as God die wonder van 'n opwekking uit die dood aan ons verrig, kan ons glo. En God gee dit aan wie Hy wil. Dis 'n daad van Sy verkiesende liefde. Reeds voor die skepping het Hy vanuit 'n gevalle mensdom – uit onverdiende genade - vir Hom 'n bruid gekies. Húlle name staan van voor die skepping reeds in die boek van die lewe (Openb. 13:8, 17:8). Hy het Sy Seun gestuur om die uitverkorenes met Homself te versoen op Golgota. In húlle lewens laat Sy Gees die geloof ontvlam deurdat die Gees hulle oorrompel met die hoor van die evangelie. Dat gereformeerdes die Bybelse leer van die uitverkiesing met dankbaarheid as die hart van die evangelie aanvaar, onderskei hulle van die meeste ander Christene. Maar juis dit maak ons gereformeerd.

Kerk van die Woord

Omdat gereformeerdes glo dat 'n mens slegs uit genade deur die geloof in die Belofte van die evangelie gered word (dat God Sy uitverkorenes deur Sy praat red), is die verkondiging van Gods Woord van beslissende belang. Daarom moet die kerk 'n kerk van die Woord wees. Die ideaal is dat die gemeente deur die omgang met die Woord opgebou word tot 'n mondige gemeente van belydende gelowiges wat nie net self in die heil deel nie, maar wat die eer van God op alle terreine van die lewe soek en as profete, priesters en konings vir Christus in die wêreld lewe. Dit het geweldige gevolge vir die verstaan van die ware aard van die erediens. *Word vervolg*

Vandag– Elsie Erasmus 0732084647	02/01– Jo-Anri Vorster 0126511907
30/12– André Buys 0820849404	03/01– Christine Muller 0844877287
31/12– Jan du Plessis 0829400511	04/01– Susan Boersma 0834527571
01/01– Willie Raath 0832948100	04/01– Ulbe de Ronde 0828996173
02/01– Elsie Jordaan 0842573122	04/01– Edrich Malan 0798802468
02/01– Neil Pratt 0823193269	04/01– Richard Venter 0732109257
	*Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur * 80 jaar en ouer*

Baie geluk met u verjaarsdag

'n Sakdoek is 'n nuttige ding as jou trane kom. En as hulle nie wil kom nie – CJ Langenhoven

Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Jan Fanoy 0836419742
Epos: jfanoy@wsmleshika.co.za
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108
Orrelis (aflos): Br Jaco Viljoen (0765546527)

28 Desember 2014

EERSTE EREDIENS–(9h00)
Skriflesing: Lukas 1:67-80
Teks: Lukas 1:78-79
Sing: Ps. 48:4; Ps. 38:1,8; Ps. 86:1; Ps. 118:7

VAN SIT IN DIE SKADUWEE WORD LOOP NA DIÉ LIG

Mag dit wees dat u ook oploop gaan met hierdie lig van God.

KATKISASIE– Katkisasie het reeds vir die jaar afgesluit

TWEEDE EREDIENS (10h30)
Skriflesing: Eksodus 32:1-7; 15-16; 19-20;30-34
Teks: Eksodus 32:1
Sing: Ps. 104:1,4,5; Ps. 25:2,7; Ps. 18:1

DIE KERK VAN MOSES EN DIE KERK VAN AäRON

Hoofstuk 32 wat veronderstel was om 'n mooi hoofstuk in Israel se geskiedenis te wees, maar kyk wat het die mens daarmee gemaak?!

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/TettoI
Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)
Vandag-Wyke 20 en 21
Ouderlinge: Willem du Plooy (sr.)
Diakens: Nico Venter

Volgende Sondag (04/01/2015)) – Wyke 1 en 2
Ouderlinge: Deon Vosloo en Koos van der Merwe
Diakens: Pieter Wolmarans en André Koen

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Br Martin Tredoux wat baie groot hart-operasie moes ondergaan is ons gebed dat hy spoedig volkome mag herstel. Ons is saam met sr Elsa dankbaar vir die goeie vordering wat daar reeds is. **Br Johan Schalekamp se susterskind** is baie ernstig siek in Milpark hospitaal in Johannesburg. Sy het reeds hartoorplanting moes ontvang waar haar toestand steeds kritiek is. Mag ons as gemeente ook aan haar en hulle as familie in ons gebede aan die Here opdra. **Sr Marietjie Laubscher** wie se gesondheid die laaste tyd haar swaar laat kry bid ons die Here dat daar spoedig ook vir haar beterskap mag wees. Op die stadium sukkel die medici nog om presies die oorsaak vas te stel. **Sr Winnie Lourens** wat met tye las van haar gesondheid het word aan die genadetroon van die Here opgedra. **Br Dawie de Bruin** bid ons volkome herstel toe na die operasie in sy skouer. **Br Dries de Ridder** word aan die genadetroon van die Here opgedra. Sy liggaamskragte is nie baie nie. Ons dink ook aan **br Willie Buys** wie se gesondheid hom swaar dae laat beleef. So bly ook **ds. Andries Mulder** in ons gebede. Medegelowiges wat lank reeds met hulle gesondheid worstel word nie vergeet nie. **Susters Cora Kruger, Anna Eloff en Rina Aucamp.**

GEHOORHULP

Dit is moontlik om in en rondom die kerkgebou deur middel van u radio of radio op u selfoon op die eredienste in te skakel. Dit kan met groot vrug gebruik word sou u gehoor ook nie meer is wat dit moet wees nie.
Die frekwensie waarop u u toerusting moet stel is <u>FM 101.8.</u>

KOSTER MET VERLOF

Br Flip Minnaar is tans met verlof weg. As daar enige dringende koster-sake is, kan u met sr Amanda Tromp (in kantoor) skakel wat in sy plek aflos.

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	Paul Kruger kinderhuis DVB	Instand-houding Intand-houding
04/01/2015 **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Intand-houding Intand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
06/01-14/01	Algemene Sinode Potchefstroom
14/01/2015	Skole heropen
20/01	Finans-Adviesvergd
22/01	Kerkraadsvergd

JAARKALENDERS IS GEREED

Ons kalenders met ons jaarbeplanning vir2015 is gereed. Ons vra dat u sovêr moontlik u kalenders in konsistorie kom afhaal. Skryf asseblief net u naam op as u een neem. U moet ook daarop let dat ons die wyke se nommers numeries herstel het. Maak asb.by u ouderling seker as u sou twyfel of u wyk nommer wel verander het.

SUSTERSAAMTREK 2015

Alle susters is reeds uitgenooi na volgende jaar se sustersaamtrek by die Gereformeerde kerk Meyerspark. Dit vind plaas DV Saterdag 7 Maart 2015. Die tema is *Julle is Sout en Lig.* Spreker is Stephan Joubert. Koste is R125. Almal wat graag wil gaan moet solank hulle name by sr Christine opgee.

SPREUKE

Vervolg van verlede week

SPREUKE 4

24-25: Die teendeel moet in ons lewens wees: Jy moet die waarheid liefhê en bely, terwyl jy jou naaste se eer en goeie naam na jou vermoë moet verdedig en bevorder. So gee die Kategismus ons `n uitgebreide idee van wat **v 24** hier inhou.

Oë reguit – Ons ken die beeld van `n leuenaar wat jou nie in die oë kan kyk nie. Hierdie vers wys op eerlikheid en opregtheid wat vasgehou moet word. In Mat 6:22-23 leer ons van Christus: "Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan reg is, sal jou hele liggaam verlig wees. Maar as jou oog verkeerd is, sal jou hele liggaam donker wees. As die lig in jou donkerheid is, hoe groot is die donkerheid nie !" Die oog is dan as't ware `n venster van die siel – die slegte hart is sigbaar in `n slegte lewe, en andersom met `n goeie hart.

4:26-27. Pad . . . regs of links – Dit is weer vorige woorde wat herhaal word vir klem op wat in hierdie hoofstuk gesê is. Maak dit `n vaste gewoonte om die goeie te doen.

Jou voet ver – Vermy jy die paaie van die goddelose en die kring van die spotters, dan sal jy vrede in jou hart ken.

SPREUKE 6

6:1. Borg – In die wette van Moses is baie gevalle waar barmhartigheid beveel word. In Spr 14:20-21, 17:17, 18:24 en 27:10 word dit immers ook aangewys. Boas het vir Rut en Naomi borg gestaan, en kon so saam met ander barmhartiges profeties wees van Christus wat vir ons Borg was, terwyl ons met onbetaalbare skuld voor God staan. Hier word van `n ander borgstaan gepraat. So ook in Spr 11:15, 17:18, 22:26. `n Blindelingse, onnadenkende omgang met jou goed word bedoel. Mens moet met oorleg in jou ekonomie werk en nie blindelings optree nie. Maak seker vir wie jy borgstaan.
In daardie tye kon borge selfs as slawe verkoop word.

6:2. Jou mond – Oorhaastige beloftes word bedoel, en ander maniere waarop mens vir jouself `n strik stel. Hoe maklik praat mens jouself in iets in, waar jy liewer moes swyg !

6:3-11. *Totius het hierdie verse aangehaal in `n artikel oor "Armoede en volks-verarming" (Die Kerkblad, 5 Nov 1943). Die volk moet sy werk doen **as volk van die HERE.** Daarsonder kom ellende en armoede. In Job 24:1-5 word rykes kasty wat armes verdruk. Armes was in die Ou Testamentiese tyd* [en deur alle eeue] *weerloos. Hulle was "prakties regteloos en voëlvry." Woeker het toe ook maar bestaan, en God praat in die Woord dikwels daaroor – ook oor borgstaan en luiheid. Lees hierby ook Spr 10:4, 11:15, 12:24 en 22:27.*

Ene Bruppacher het hieroor geskryf: "Armoede is `n vyand van die mens en die lewe … `n benardheid, `n hindernis, `n bron van ontbering en lyde … dit is een van die swaar raaisels wat die gesondheid van die volksliggaam bedreig en ondergrawe. Uit die hartstog en ontsteldheid waarmee die O.T. hierdie vraagstuk behandel, moet blyk dat armoede eintlik nie moet wees nie." Kuyper het gesê: "Armoede … is `n deel van die ellende wat in die gevolg van die sonde oor ons gekom het." Vandaar die bede van Spr 30:8 – "Gee my nie armoede of rykdom nie, laat my geniet die brood wat vir my bestem is."

Armoede is dus `n deel van die gevolge van die sonde. Christus het gesê: "Want die armes het julle altyd by julle ..." (Joh 12:8).

Dit is `n kwaad wat bestry moet word. Hoe kan `n volk anders ontwikkel ?

Spr 22:2 sê: "Rykes en armes ontmoet mekaar." Die lewe voeg almal saam. Beide is skepsels van God. Beide kan hulle op God beroep. Deut 15:1-11 beveel medelye met die arme. Paulus het ook `n kollekte ten behoewe van die armes wat in Judea was onderneem.

6:3-5. Werp jou neer – Moenie terugdeins selfs vir selfvernedering nie. BVA: "klop hewif aan by jou naaste." **Bestorm –** Met die grootste dringendheid moet jy die saak aanpak, waarin jy probleme het. Hierdie woord het selfs die betekenis van "rasend wees," wat klem verleen aan hierdie opdrag.
Party verklaarders verstaan dit dat gewaarsku word teen borg staan, ander sien dit weer dat jy nie moet leen of borg *vra* nie.

Geen slaap – Beperk jou pogings nie net tot een optrede nie. Solank as wat die probleme aangaan, hou aan ! Dieselfde ywer het Dawid uitgespreek in sy ywer vir `n huis vir die HERE in Ps 132:4,5.

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

24 Des 1651– Drie skepe Drommedaris, Reijger en Goede Hoop vertrek uit Nederland waaronder ook Jan van Riebeeck aan boord was om verversingspos aan Kaap te stig; 25 Des 1497– Vasco de Gama ontdek Natal; 26 Des 1838– Die besittings van Piet Retief en ander vermoordes van 6 Feb. 1838 word opgeveil en opbrengs word gelykop tussen genl. Andries Pretorius en ander burgers in die Trek verdeel; 27 Des 1858– Voorlopige byeenkoms in Potchefstroom waar Dirk Postma sy hulp aan die Transvaalse Kerk aanbied; 28 Des 1880– Louis Leipoldt gebore; 28 Des 1890– Dirk Postma oorlede; 31 Des 1687– Aantal Hugenote seil uit Delft na die Kaap .